Gr. 1-2024: Inligtingstuk

'n Kykie in die hart van ons skool

Op ons terrein waar hoenders en poue net so tuis is soos kaalvoet-skoolkinders, leer ons ons leerders van vroeg af om na diertjies om te sien.

Die vriendelike en hardwerkende personeelkorps implimenteer die waarde- en beloningstelsel om verantwoordelike leerders te kweek.

Gr. 7-leerlingraadslede wat vanaand betrokke is, is 'n sprekende voorbeeld van die waardes wat ons uitleef.

Inskrywings

Die meeste ouers het teen hierdie tyd reeds 'n sms van die GDO ontvang.

Inskrywingsvorms sal aan die bestaande leerders (Gr. R) uitgedeel word sodra die vorms gereed is en na afloop van ons Algemene Ouervergadering op 26 Oktober. Hierdie vorms MOET volledig voltooi word en teen 17 November by die skool ingehandig word. Vir navrae kan 'n e-pos aan karen@laerskoolfairland.co.za gestuur word.

LET WEL: Hierdie inskrywingsvorm is 'n amptelike dokument en indien 'n ouer versuim om 'n vorm volledig te voltooi en in te handig is u kind se inskrywing by Laerskool Fairland nie afgehandel nie. Dié leerders se name word aan die GDO gestuur vir herplasing.

Akademie

1.1 Skooltye (vir gr. 1-leerders)

DAG	ONDERRIGTYD	WAGKLAS
Maandag	07:25 – 13:15	13:15 – 14:00
Dinsdag	07:25 – 12:45	12:45 – 13:30
Woensdag	07:25 – 12:45	12:45 – 13:30
Donderdag	07:25 – 13:15	13:15 – 14:00
Vrydag	07:25 – 12:30	Geen wagklas nie

Wagklas is daardie middae wanneer die juniors (gr. R- tot gr. 2-leerders) alreeds uitgekom het, maar die gr. 3- tot gr. 7-leerders steeds onderrig ontvang. U kind is welkom om in die wagklas te bly.

Wagarea voor skool: Vir die eerste twee weke ontvang die assistent-opvoeders die nuwe gr. 1-maats in die parkie.

Stiptelikheid

Skool begin alreeds om 07:25 en dit is vir ons baie belangrik dat alle leerders betyds sal wees. Om 07:20 lui die eerste klok en om 07:25 begin die skool. Wanneer leerders laat kom, mis hul uit op waardevolle kontaktyd en dit is ook vir hul 'n groot verleentheid.

Toegangshek

Gr. 1- en gr. 2-leerders kan by die hek in 7de Laan op- en afgelaai word, maar mag ook van die ander hekke gebruik maak.

1.2 Personeel

Ons is in die bevoorregte posisie om te kan spog met ses gr. 1-klasse met toegewyde opvoeders en drie assistent-opvoeders wat tussen die klasse roteer.

'n Maksimum van nagenoeg 28 leerders word in 'n klas geplaas.

Algemene werkers sien daagliks toe dat die lokale skoongemaak word.

1.3 Pousetye

Daar is twee pousetye omdat ons die junior- en seniorleerders skei.

1.4 Ondersteuningsonderrig

Die Takbokkiesentrum bied ekstra ondersteuning aan leerders wat aangemeld is.

1.5 Terapeute en sielkundiges

'n Aantal terapeute en sielkundiges skakel by die skool in, nl. arbeids-, spraakterapeute en opvoedkundige sielkundiges indien dit benodig word.

1.6 Leerareas en assessering

- Afrikaans Huistaal, Engels addisionele taal, Wiskunde, Lewensvaardighede en 'n tweede addisionele taal, nl. isiZulu.
- Die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring word gevolg, waaronder ons die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring gebruik. (CAPS)
- Assessering vind deurlopend, informeel en d.m.v. formatiewe assesseringstake plaas.
- Elke klaslokaal is toegerus met 'n witbord en die opvoeders maak graag gebruik daarvan.
- Rekenaars: In gr. 1 word Rekenaarvaardighede d.m.v. perseptuele- en Wiskunde-programme in die rekenaarsentrum aangebied. Kodering en tikvaardighede word onder andere vanaf gr. 1 aangebied.
- Mediasentrum: Die leerders kry geleentheid om een maal per week die sentrum te besoek om 'n liefde vir lees te kweek.

Liggaamlike opvoeding (LO): Word twee maal per week deur 'n opgeleide fasiliteerder aangebied.

Skoolgeld

R25 300 per leerder (ingesluit jaarlikse skoolfoto's en laastedag-aktiwiteite)

Betalingsopsies vir gr. 1- tot gr. 6-leerders

- 'n Enkelbedrag van **R24 050** is betaalbaar voor of op **31 Januarie 2024**. (Korting van **R1 250**).
- Die eerste paaiement wat as deposito dien in die bedrag van **R2 100** is betaalbaar voor of op **30 November 2023**. Die balans van **R23 200** is betaalbaar in **tien** gelyke paaiemente van
  R2 320 voor of op die **7de van elke maand** beginnende **7 Januarie 2024.**

Betalingsopsies vir slegs gr. 7-leerders

- 'n Enkelbedrag van **R24 050** is betaalbaar voor of op **31 Januarie 2024**. (Korting van **R1 250**).
- Die eerste paaiement wat as deposito dien in die bedrag van **R2 100** is betaalbaar voor of op **30 November 2023**. Die balans van **R23 200** is betaalbaar in **agt** gelyke paaiemente van **R2 900** voor of op die **7de van elke maand** beginnende **7 Januarie 2024.**

Naskoolsentrum

Die naskoolsentrum begin op 'n Maandag en Donderdag om 14:00, op Dinsdae en Woensdae om 13:30 en op 'n Vrydag om 13:00 en sluit daagliks om 17:30. Leerders wat die naskoolsentrum gaan bywoon, sal in 'n wagklas gehou word totdat die naskoolsentrum begin.

- Inskrywingsvorm vir die naskool is beskikbaar in die skool se amtpelike inskrywingsvorm van 2024.
- Naskool is oop gedurende vakansies BEHALWE op openbare vakansiedae en Desembervakansie.
- Etes: Daar word nie etes voorsien nie, maar die snoepie verskaf spyskaarte en ouers kan deur die snoepie etes vir leerders bestel.

Naskoolgeld beloop **R10 210** per leerder

Betalingsopsies:

Registrasiefooi van **R500** en is aftrekbaar van die **R10 210**. Die balans van **R9 710** is oor 10 maande betaalbaar.

Bankbesonderhede vir betaling van naskoolfooie is dieselfde as vir Voorskoolgeld.

Bankbesonderhede

- **FNB – Cresta** **Rekeningnaam:** Laerskool Fairland
- **Rekeningnommer:** 6200 7496 228
- **Takkode:** 254-905
- **Verwysing:** **Familiekode**

Skooldrag

Somersdrag: Seuns en dogters

Somer (Ongeveer September tot Mei)

Seuns

Bottelgroen kortmou skoolhemp met wapen
Grys kortbroek
Grys kniekouse met oranje en wit strepies op omslag
Swart toerygskoolskoene/kaalvoet
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen windjekker met skoolwapen of skoolbaadjie. Die skoolbaadjie mag slegs saam met skoene en kouse gedra word.
Bottelgroen reënbaadjie mag slegs gedra word as dit reën.

Skoolpet om te dra vir beskerming teen son.

Dogters

Wit en groen geruite rok met bottel-groen kraag en mouboordjie omslag
Bottelgroen broekie ("skipants")
Kort groen skoolsokkies met oranje en wit strepies op omslag
Swart skoolskoene/kaalvoet
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om halslyn
Bottelgroen windjekker met skoolwapen of skoolbaadjie. Die skoolbaadjie mag slegs saam met skoene en kouse gedra word.
Bottelgroen reënbaadjie mag slegs gedra word as dit reën.

Skoolpet om te dra vir beskerming teen son.

Wintersdrag: Seuns en dogters

Winter (Ongeveer Mei tot September)

Seuns

Bottelgroen langmou skoolhemp met wapen
Skooldas (opsioneel)
Grys langbroek
Grys kniekouse soos vir somer
Swart toerygskoolskoene
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om hals en mou-omslag
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om hals
Windjekker met wapen of skoolbaadjie
Bottelgroen reënbaadjies mag slegs gedra word as dit reën.
Serp, mus en handskoene indien verlang – bottelgroen effekleur

Dogters

Bottelgroen langmou skoolhemp met wapen
Skooldas (opsioneel)
Gr. 1 – gr. 5: Bottelgroen langbroek, grys langbroek of donkergroen romp. Vir gr. 1 tot gr. 3 word die langbroek aanbeveel.
By langbroek: kort bottelgroen skoolsokkies met oranje en wit strepies – tot gr. 7 toelaatbaar.
By romp: grys kniekouse met oranje en wit strepies op omslag of swart broekiekouse (78 Decitex) – geen lang "skipants" nie
Swart skoolskoene
Bottelgroen trui met oranje en wit strepe om hals en mou-omslag
Bottelgroen oortrektrui met oranje en wit strepe om hals
Windjekker met wapen of skoolbaadjie
Bottelgroen reënbaadjies mag slegs gedra word as dit reën.
Serp, mus en handskoene indien verlang – bottelgroen effekleur

Verjaarsdae: Dieselfde as by somerdrag.

- **Spesiale vergunning dat leerders in die wintermaande hul LO-drag daagliks skool toe mag aantrek. Leerder moet egter in volle skooldrag (winter en/of somer) geklee wees wanneer hul Laerskool Fairland verteenwoordig (bv. Redenaars, ens.)**

LO-drag: Seuns en dogters

Somer

Groen broek en groen en oranje-hemp met skoolwapen.
Tekkies met LO-kouse -opsioneel in somer.
Leerders mag egter Laerskool Fairland se "insteek-plakkies" saam met hul somers LO-drag dra.
Sweetpak of oranje "fleecy top" mag in koeler weer gedra word.

Winter

LO-drag: skoolsweetpak of oranje "fleecy top"
Tekkies met LO-kouse.
Groen "skins" onder LO-drag

Die groen/oranje LO-kouse word in die Vere-kas verkoop.

Leweransiers

CONSTANTIA SKOOLKLERE

Tel.no.: (011) 791-1300
Adres: Hoërskoolsentrum, Malibongwerylaan, Robindale, Randburg
e-posadres: w.vandyk@mweb.co.za

SPORTMANS WAREHOUSE

Tel.no.: (011) 431-0406
Adres: Heathway Square, Beyers Nauderylaan, Cresta, Johannesburg
Webtuiste: www.schoolandleisure.co.za

BURGERS BROERS (Geen sportdrag)

Tel.no.: (011) 782-1055
Beyers Naudelaan 159, Northcliff

Sport

Atletiek, mini-netbal, TAU-rugby, mini-hokkie en mini-krieket word as aktiwiteite binne skoolverband gesien en word gratis deur die skool aangebied.

Kultuur

Ouers kan leerders inskryf vir die interskole Kollig Kunstefees wat elke jaar plaasvind. Leerders kan ook deelneem aan Redenaars, Revue en Laerskool Fairland se sanggroepe.

Drama en Solosang word ook gratis by die skool aangebied.

Daar is ook 'n geleentheid vir die leerders om aan 'n Visuele Kuns-kompetisie deel te neem.

Kommunikasie

d6 Connect

Ons enigste kommunikasiemiddel met ons ouers. Dit is 'n toepassing wat ouers op hul selfone, skootrekenaars of "i-Pads" kan aflaai. Dit is van kardinale belang dat ouers hul samewerking in dié verband sal gee. **(d6 met swartblokkie)**

Vinkie

Ons weeklikse nuusbrief word die Vinkie genoem en word op 'n Donderdag uitgestuur. Belangrike inligting word weekliks daarin deurgegee aan ons ouers. In 'n 4-dag week word die dag en datum dienooreenkomstig aangepas.

Vere-kas

Dit is 'n tweedehandse winkel op die perseel waar skool- en sportdrag teen baie billike pryse te koop aangebied word. Verlore goedere word ook hier geberg.

Dit word voor of na skool deur ouers beman.

Algemeen

Veiligheid

Daar is voor en na skool 'n wag wat by die gr. 1-hekkie in 7de laan diens doen. Sekuritetskameras is in die klasse, op die stoepe en speelterreine aangebring.

Ons het 'n baie goeie verhouding met Beagle Watch-sekuriteitsmaatskappy wat gereeld om die skool patrolleer en tydens byeenkomste ekstra wagte om ons skool plaas. Hulle doen soggens en in die middae ook diens by die brug in Rugbystraat.

Afknou-gedrag

'n Kundige persoon word elke jaar kwartaalliks gereël om met die leerders oor afknou-gedrag te kom praat. Hulle word ook geleer hoe om teen so 'n maat/persoon op te tree.

Instappies

'n Paar instappies word jaarliks vir die grondslagfase gereël en temas word afgewissel.

Klasverteenwoordigers

'n Klasverteenwoordiger en hulp-klasverteenwoordiger, wat behulpsaam is met die deurgee van inligting aan die ouers, word elke jaar uit die ouers van elke klas verkies.

Makro-"app"

Soos u reeds bewus is, bestaan die Makro-kaart nie meer nie, maar kan u die "app" ook op u selfoon aflaai. (https://www.makro.co.za/customer-service/faq/mCardAppFaqs)

MySchool-"app"

U kan die MySchool-"app ook nou op u selfoon aflaai.
https://www.myschool.co.za/get-your-card-here/myschool-app

Maak asb. seker dat u beide hierdie "apps" aan Laerskool Fairland koppel.

Eerste skooldag 2024

Eerste skooldag is op 16 Januarie 2024. Ouers sal nie later as 15 Desember 2023 al hierdie inligting ontvang nie. Die program vir dié dag sal ook dan aan ouers gestuur word.

Skooltas

Indien ouers belangstel om 'n skooltas aan te koop, stuur asb. 'n e-pos aan info@laerskoolfairland.co.za.

Die e-pos moet asb. duidelik gemerk wees **"Skooltas-bestelling"**.

Ons sal 'n skakel aan dié ouers stuur met meer inligting.

Visie, Missie en Kernwaardes

Visie

Laerskool Fairland streef daarna om elke leerder se unieke karakter en talente optimaal te ontwikkel deur geleentheidskepping en liefdevolle leiding.

Missie

Laerskool Fairland stel homself ten doel om elke kind se potensiaal te ontsluit deur 'n waardestelsel wat hulle help ontwikkel in 'n suksesvolle selfstandige leerder.

Daarbenewens streef ons daarna om kwaliteit opvoeding te voorsien deur dinamiese personeel wat deur 'n bekwame beheerliggaam en betrokke ouers ondersteun word.

Kernwaardes

Ons waardestelsel sluit die volgende beginsels in:

- respek
- mensliewendheid
- eerlikheid
- lojaliteit
- hoflikheid
- mededeelsaamheid
- selfdissipline
- nederigheid
- verdraagsaamheid
- pligsgetrouheid

en ook die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.